

NAVORSINGSRESULTATE

8.1 INLEIDING

Soos in paragraaf 7.1 gestel, is die primêre doel van hierdie ondersoek om vas te stel of daar 'n verband bestaan tussen vaderidentifikasie en skolastiese prestasie.

Hierdie navorsing is daarop toegespits om die verband vas te stel tussen skolastiese prestasie as die afhanklike veranderlike, met komponente gemiddelde persentasie in standerd sewe, persentasie vir Afrikaans, Engels en Wiskunde, standerd sewe, en vaderidentifikasie as onafhanklike veranderlike. 'n Hele reeks veranderlikes is ingesluit wat gebruik is as kontrole. Hierdie veranderlikes is deur die gebruik van meervoudige regressie-analise konstant gehou en die variansie in skolastiese prestasie wat slegs deur vaderidentifikasie verklaar word, is bepaal. Verder is die bydrae van elkeen van hierdie veranderlikes tot die variansie in skolastiese prestasie bepaal. Deur die bydrae van vaderidentifikasie tot die variansie in skolastiese prestasie te vergelyk met die bydrae van elk van hierdie veranderlikes, kan die relatiewe bydrae van vaderidentifikasie op skolastiese prestasie vasgestel word.

TABEL 8.1 GEMIDDELDE PUNTE BEHAAL IN VRAELYSTE - GEWONE KURSUS EN PRAKTIESE KURSUS

Nr.	Onafhanklike veranderlikes	Praktiese kursus			Gewone kursus		
		Standaard fout	Gemiddelde $\bar{x}$	Standaard afwyking $\sigma$	Standaard fout	Gemiddelde $\bar{x}$	Standaard afwyking $\sigma$
7	Nie-verbale IK	0,68	90,44	8,21	0,67	104,45	11,57
8	Verbale IK	0,62	89,70	7,39	0,65	104,30	11,15
9	Totale IK	0,69	89,84	8,42	0,65	104,61	11,15
28	Gemiddeld st. 7	0,76	51,00	9,26	0,65	54,79	11,19
51	Selfbeoordeling - Eksteen	1,88	118,71	22,74	1,18	110,64	20,22
52	Opvoedende betrokkenheid vader - Eksteen	1,16	84,33	14,11	0,70	64,69	12,01
53	Vaderidentifikasie - Itkin	1,05	104,97	12,65	1,19	104,22	20,31
54	Vaderidentifikasie - Eksteen	5,80	136,55	70,29	3,03	125,77	51,93
55	Aanpassing tuis - Bell	0,73	10,69	8,89	0,52	9,19	8,89
56	Gesondheidsaanpassing - Bell	0,75	11,29	9,14	0,45	10,02	7,78
57	Onderdanigheid, selfstandigheid - Bell	0,44	15,64	5,35	0,43	15,84	7,38
58	Emosionaliteit - Bell	0,81	16,13	9,78	0,54	16,57	9,30
59	Vyandigheid, vryvriendelikhed - Bell	0,67	14,01	8,09	0,44	15,61	7,62
60	Menlikheid, vrpulikhed - Bell	0,72	13,71	8,68	0,49	13,91	8,45
61	Identifikasie met eerste persoon - Eksteen	6,22	118,24	75,35	3,91	104,36	67,02
62	Opvoedende betrokkenheid moeder - Eksteen	0,83	67,99	10,08	0,53	68,48	9,05
63	Moederidentifikasie - Itkin	4,56	111,93	55,25	3,47	109,17	59,49
64	Moederidentifikasie - Eksteen	5,99	131,21	72,63	3,72	119,93	63,77
65	Identifikasie met die gesin - Rundquist en Sletto	0,76	52,29	9,16	0,66	51,10	11,38
66	Identifikasie met tweede persoon - Eksteen	4,87	115,03	59,02	2,93	106,84	50,10
67	Selfvertroue - PHSF	0,53	25,73	6,45	0,34	27,10	5,82
68	Eiwaarde - PHSF	0,56	23,01	6,84	0,36	22,07	6,09
69	Selfbeheer - PHSF	0,56	26,24	6,85	0,37	27,18	6,28
70	Senuweeagtigheid - PHSF	0,58	23,76	7,07	0,38	24,88	6,55
71	Gesondheid - PHSF	0,54	28,14	6,54	0,36	29,72	6,22
72	Gesinsinvloede - PHSF	0,60	29,30	7,24	0,45	30,03	7,72
73	Persoonlike vryheid - PHSF	0,69	29,04	8,31	0,48	30,88	8,26
74	Sosialiteit groep - PHSF	0,81	23,88	9,76	0,52	24,73	8,94
75	Sosialiteit spesiale persoon - PHSF	0,64	24,81	7,79	0,55	26,03	9,48
76	Morele inslag - PHSF	0,50	29,12	6,11	0,37	31,66	6,27
77	Formele verhoudinge skool - PHSF	0,46	26,21	5,60	0,32	27,13	5,56
78	Geldigheidskaal eerlike antwoorde - PHSF	0,78	17,89	9,51	0,50	17,39	8,63
79	Gebrekkige integrasie, gebrek aan selfsentiment	0,15	5,70	1,84	0,12	5,35	2,01
80	Swaak ego, gebrek aan egosterkte	0,15	6,46	1,87	0,13	5,74	2,24
81	Agterdogtigheid of paranofese gevoel van onveiligheid	0,15	6,26	1,86	0,11	6,14	1,85
82	Kenneligheid tot skuldgevoelens	0,15	6,17	1,79	0,11	5,92	1,90
83	Spanning as gevolg van frustrasie of druk van die id	0,16	5,46	1,94	0,12	5,08	2,10
84	Onbewuste angst - verborge	0,14	6,21	1,68	0,11	5,91	1,93
85	Onbewuste angst - simptome	0,14	6,27	1,65	0,11	5,87	1,95
87	Fisiese self - Vrey	0,45	12,18	5,49	0,36	12,65	6,17
88	Personlike self - Vrey	0,29	10,67	3,47	0,21	11,73	3,60
89	Gesinsself - Vrey	0,29	10,95	3,48	0,22	11,33	3,78
90	Sosiale self - Vrey	0,27	11,93	3,23	0,19	12,89	3,25
91	Waardesself - Vrey	0,24	10,24	2,91	0,20	10,83	3,44
92	Selfkritiek - Vrey	0,20	5,54	2,36	0,16	6,08	2,72
94	Hou van Wiskunde-onderyser	0,11	2,42	1,30	0,06	2,65	1,09
95	Bang vir Wiskunde-onderyser	0,10	1,77	1,22	0,06	1,52	1,02
96	Hou van Afrikaans-onderyser	0,10	2,53	1,23	0,07	2,51	1,16
97	Bang vir Afrikaans-onderyser	0,09	1,16	1,06	0,07	1,46	1,19
98	Hou van Engels-onderyser	0,11	2,24	1,30	0,07	2,44	1,22
99	Bang vir Engels-onderyser	0,10	1,18	1,25	0,06	1,15	1,10
100	Hou van Biologie-onderyser	0,10	2,28	1,15	0,06	2,53	0,94
101	Bang vir Biologie-onderyser	0,10	1,49	1,18	0,07	1,41	1,12
102	Hou van Wetenskap-onderyser	0,10	2,21	1,19	0,06	2,40	1,11
103	Bang vir Wetenskap-onderyser	0,10	1,46	1,22	0,07	1,68	1,15
104	Hou van Aardrykskunde-onderyser	0,11	2,51	1,29	0,06	2,29	1,10
105	Bang vir Aardrykskunde-onderyser	0,10	1,76	1,19	0,07	1,42	1,20
106	Hou van Geskiedenis-onderyser	0,09	2,75	1,14	0,07	2,30	1,15
107	Bang vir Geskiedenis-onderyser	0,10	1,56	1,23	0,07	1,49	1,22
108	Identiteitsekerheid een	0,19	6,35	2,29	0,13	7,07	2,17
109	Identiteitsekerheid twee	0,21	11,52	2,53	0,16	12,77	2,75
111	Skoolaffek een (houding teenoor skool)	0,23	5,74	2,77	0,14	6,13	2,35
112	Skoolaffek twee (opinie van skool)	0,49	28,88	5,87	0,34	31,70	5,73
113	Akademie selfkonsep een	0,31	10,79	3,73	0,22	10,15	3,81
114	Akademie selfkonsep twee (selfkonsep van vermoed)	0,33	19,14	3,97	0,24	20,16	4,02
115	Prestasie motivering een	0,18	7,56	2,18	0,09	7,56	1,61
116	Prestasie motivering twee	0,28	8,71	3,36	0,20	9,20	3,35

Vir kontroledebeleidings word die nummers van die veranderlikes soos gebruik in die rekenaar, behou.

Die proefpersone is in drie groepe verdeel, naamlik seuns gewone kursus, dogters gewone kursus en seuns praktiese kursus. Laasgenoemde twee groepe word gebruik om as spieëlbeeld van die eerste groep te dien. Vir die eerste analises is al die proefpersone gebruik soos in genoemde drie leerlinggroepe verdeel. Daarna is vir elkeen van die drie leerlinggroepe vyftien oorpresteerders, vyftien presteerders en vyftien onderpresteerders in elkeen van die komponente van skolastiese prestasie uitgesoek. Hierdie groepe van 45 leerlinge elk nog in genoemde drie leerlinggroepe, en in elkeen van die komponente van skolastiese prestasie, is in die daaropvolgende analises gebruik.

Nadat die hipoteses gestel is (vgl. par. 7.2) is die verloop van die ondersoek, die meetinstrumente, die insameling van die gegewens en die skolastiese tegnieke bespreek.

Die verwerking van die gegewens sal in hierdie hoofstuk bespreek word en die hipoteses getoets word.

## 8.2 VERGELYKING TUSSEN GEMIDDELDES, GEWONE KURSUS EN PRAKTIESE KURSUS

Die gemiddeldes ( $\bar{X}$ ), wat die groep proefpersone in die gewone kursus en die praktiese kursus in die vraelyste ten opsigte van elkeen van die veranderlikes behaal het, word in die volgende tabel gegee. Die standaardafwyking ( $\sigma$ ) en die standaardfout vir elke veranderlike word ook gegee (vgl. tabel 8.1).





### 8.3 KEUSE VAN VERANDERLIKES VIR DIE FAKTOR-ANALISE

Die hipoteses word hoofsaaklik deur middel van meervoudige regressie-analise getoets. 'n Volledige faktor-analise is egter eers op die gegewens uitgevoer. Ses-en-sestig veranderlikes is vir hierdie analises gebruik. Vergelyk par. 7.4 en tabel 8.2 vir die lys van veranderlikes wat gebruik is. Die keuse van die veranderlikes vir die eerste analise is deur verskeie faktore bepaal. Die belangrikstes word vervolgens genoem.

Slegs een skolastiese prestasiepunt, standaard sewe-gemiddeld, is gebruik en wel omdat dit die belangrikste afhanklike veranderlike in hierdie studie is en omdat daar geen twyfel is dat die ander skolastiese prestasiepunte baie hoog met die standaard sewe-gemiddeld en met mekaar korreleer (vgl. par. 7.2 en 7.12.2).

Verder is veranderlikes, wat teoreties gesproke, nie gelyk gestel kan word aan 'n ander veranderlike of sinvol met 'n groep veranderlikes gekombineer kan word nie, weggelaat. Veranderlikes soos geslag asook veranderlikes in verband met sosio-ekonomiese status, soos aantal kinders in huis, aspirasievlak van ouers en inkomste van ouers, is voorbeelde hiervan.

Die veranderlikes wat vir die faktor-analise gekies is, is hoofsaaklik daardie veranderlikes wat deur middel van die vraelyste verkry is. Dit is dus dié veranderlikes wat in verband staan met die opvoeding

TABEL 8.3 GEROTEERDE FAKTORLADINGSMATRIKS

Nr	Onafhanklike veranderlikes	Faktor 1	Faktor 2	Faktor 3	Faktor 4	Faktor 5	Faktor 6	Faktor 7	Faktor 8	Faktor 9	Faktor 10	Faktor 11	Faktor 12	Faktor 13	Faktor 14	Faktor 15	Faktor 16	Faktor 17
85	Bewuste angs - simptome	848	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
84	Onbewuste angs - verborge	816	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
83	Spanning as gevolg van frustrasie of druk van die id	753	0	0	0	0	0	0	-256	0	0	0	0	0	0	0	0	0
82	Geneigdheid tot skuldgevoelens	722	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
79	Gebrekkige integrasie, gebrek aan selfsintiment	619	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
80	Swak ego, gebrek aan egosterie	570	0	0	0	0	-292	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
81	Agtendogtigheid of paranoia gevoel van onveiligheid	557	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	431	0	0	0
58	Emosionaliteit - Bell	510	0	-315	0	0	0	0	-421	0	0	0	0	0	0	0	0	0
72	Gesinsinvloede - PMSF	0	804	0	0	0	0	254	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
65	Identifikasie met die gesin - Rundquist en Sletto	0	-740	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
55	Aanpassing tuis - Bell	0	-699	0	0	0	0	0	-280	0	0	0	0	0	0	0	0	0
73	Persoonlike vryheid - PMSF	0	670	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
52	Opvoedende betrokkenheid vader - Eksteen	0	603	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	-291	0	0
90	Sosiale self - Vrey	0	601	0	0	0	0	0	0	309	0	0	0	0	0	0	0	0
74	Sosialiteit groep - PMSF	0	0	823	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
57	Onderdanigheid, selfstandigheid - Bell	0	0	-797	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
89	Gesinself - Vrey	-282	0	708	0	0	0	0	0	258	0	0	0	0	0	0	0	0
64	Moederidentifikasie - Eksteen	0	0	0	757	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
61	Identifikasie met eerste persoon - Eksteen	0	0	0	700	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
66	Identifikasie met tweede persoon - Eksteen	0	0	0	600	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
51	Selfbeoordeling - Eksteen	0	0	0	587	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
54	Vaderidentifikasie - Eksteen	0	-363	0	542	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	292	0	0
103	Bang vir Wetenskap-onderwyser	0	0	0	0	782	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
101	Bang vir Biologie-onderwyser	0	0	0	0	712	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
107	Bang vir Geskiedenis-onderwyser	0	0	0	0	872	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
105	Bang vir Aardrykkunde-onderwyser	0	0	0	0	663	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
95	Bang vir Wiskunde-onderwyser	0	0	0	0	570	0	0	0	0	0	0	0	0	0	357	0	0
8	Verbale IK	0	0	0	0	0	826	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
7	Nie-verbale IK	0	0	0	0	0	825	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
28	Gewildid st. 7	0	0	0	0	0	628	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
76	Morele inslag - PMSF	0	0	0	0	0	0	791	378	0	0	0	0	0	0	0	0	0
78	Geldigheidskaal, eerlike antwoorde - PMSF	0	0	0	0	0	0	-750	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
69	Selfbeheer - PMSF	-133	0	0	0	0	0	578	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
111	Skoolaffek een	0	0	0	0	0	0	0	723	0	0	0	0	0	0	0	0	0
113	Akademiese selfkonsep een	0	0	0	0	0	0	0	644	0	260	0	0	0	0	0	0	0
114	Akademiese selfkonsep twee	0	0	0	0	0	372	0	554	0	278	0	0	322	0	0	0	0
112	Skoolaffek twee	0	0	273	0	0	253	0	509	0	0	0	0	0	0	0	0	0
71	Gesondheid - PMSF	0	0	0	0	0	0	0	0	749	0	0	0	0	0	0	0	0
56	Gesondheidsaanpassing - Bell	336	0	0	0	0	0	0	0	-694	0	0	0	0	0	0	0	0
70	Senuewaagtigheid - PMSF	-326	0	0	0	0	0	0	0	602	0	0	0	0	0	0	0	0
92	Selfkritiek - Vrey	0	0	0	0	0	0	0	0	0	-693	0	0	0	0	0	0	0
91	Maardeself - Vrey	0	0	0	0	0	0	0	0	0	676	0	0	0	0	0	0	0
100	Hou van Biologie-onderwyser	0	0	0	0	0	0	271	0	0	0	794	0	0	0	0	0	0
102	Hou van Wetenskap-onderwyser	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	708	0	0	0	0	0	0
106	Hou van Geskiedenis-onderwyser	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	755	0	0	0	0	0
104	Hou van Aardrykkunde-onderwyser	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	711	0	0	0	0	0
116	Prestasieontwikkeling twee	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	749	0	0	0	0
59	Vyandigheid, vriendelikheid - Bell	314	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	624	0	0	0
97	Bang vir Afrikaans-onderwyser	0	0	0	0	294	0	0	0	0	0	0	0	0	0	733	0	0
94	Hou van Wiskunde-onderwyser	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	593	0
115	Prestasieontwikkeling een	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	601
60	Manlikheid, vroulikheid - Bell	-266	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	290	0	259	0
63	Moederidentifikasie - Itkin	0	0	0	469	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	330	0
88	Persoonlike self - Vrey	-396	0	464	0	0	0	0	0	0	479	0	0	0	0	0	0	0
62	Opvoedende betrokkenheid moeder - Eksteen	0	390	0	-281	0	0	0	0	0	0	0	265	0	0	0	415	0
98	Hou van Engels-onderwyser	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	447	362	0	0	0	0	0
99	Bang vir Engels-onderwyser	0	0	0	0	486	0	0	0	0	0	289	0	0	0	0	0	0
87	Fisiese self - Vrey	-304	0	486	0	0	0	0	0	260	393	0	0	0	0	0	0	0
108	Identiteitskerheid een	0	0	462	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	325
109	Identiteitskerheid twee	0	0	319	0	0	0	0	273	0	0	0	0	0	0	-308	0	0
53	Vaderidentifikasie - Itkin	0	0	0	337	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	388	0
75	Sosialiteit spesiale persoon - PMSF	0	0	0	0	0	-271	0	0	0	-392	0	0	295	0	0	0	0
80	Elewaarde - PMSF	-366	356	278	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	327	0	0	0
77	Formele verhoudings skool - PMSF	0	269	255	0	0	0	446	417	0	0	0	0	0	0	0	0	0
67	Selfvertroue - PMSF	-265	0	373	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
96	Hou van Afrikaans-onderwyser	0	0	0	0	0	0	0	279	0	0	0	272	0	0	0	261	0

Die nul en komma voor die syfers in die faktorladingsmatriks is weggelaat. Daarom moet 0 as 0,0 en 826 as 0,826 gelees word.

Die kolomme is herrangskik in dalende volgorde van variansie wat deur die faktore verklaar word. Die rye is herrangskik sodat vir elke opvolgende faktor, ladings groter as 0,5000 eerste verskyn. Ladings kleiner as 0,2500 is vervang met 0,0.

deur die ouers, die identifikasie van die kind met en houding tot die ouers, verhoudinge, angs, identiteit, selfkonsep, skoolaffek, vakaffek, prestasie-motivering en ook intelligensie.

Die totale vir elke skaal is nie gebruik nie. Waar 'n skaal uit bepaalde komponente bestaan, soos die PHSF, is die komponente se punte gebruik vir die faktoranalise.

#### 8.4 DOEL VAN DIE FAKTORANALISE

Verskillende doelstellings is deur die omvattende faktoranalise van soveel gegewens in vooruitsig gestel.

In die eerste plek is dit 'n wyse om die moontlikheid te ondersoek om die aantal veranderlikes sinvol te verminder. Die bedoeling is om die gegewens te herlei tot enkele onderliggende faktore. Hierdie faktore kan dan gebruik word as onafhanklike veranderlikes in 'n meervoudige regressie-analise. Hierdie metode word aanbeveel deur Kerlinger en Pedhazur (1973, p. 365). Dit kan gedoen word slegs as die faktore elkeen teoreties sinvol is. Anders gestel, indien die faktore nie eenduidig is in terme van die veranderlikes wat hulle saamvat nie, kan die veranderlikes nie deur enkele ortogonale faktore vervang word nie (Kukuk en Baty, 1979, p. 288).

Die tweede doel met die faktoranalise is om 'n beeld te kry van die interafhanklikheid van die gegewens.



Die onderlinge korrelasies en samehang tussen die veranderlikes gee 'n aanduiding van watter veranderlikes verder gebruik kan word en of die totale van bepaalde skale of die punte vir elke afsonderlike deel van 'n skaal gebruik moet word.

## 8.5 RESULTATE VAN DIE FAKTORANALISE

Die resultate van die faktoranalise word in tabelle 8.2, 8.3 en 8.4 weergegee:

- \* Tabel 8.2 is 'n korrelasiematriks wat die verband tussen al die veranderlikes aantoon.
- \* Tabel 8.3 gee die geroteerde faktorloadings op elke faktor van elke veranderlike. Sewentien faktore word aangegee.
- \* Tabel 8.4 gee die variansie wat deur elke faktor verklaar word.

TABEL 8.11 AFFEKTIEWE INTREEKENMERKE WAT 'N BEDUIDENDE VERBAND TOON MET KOMPONENTE VAN SKOLASTIESE PRESTASIE EN DIE VERSPREIDING TUSSEN LEERLINGGROEPE

Nr.	Onafhanklike veranderlikes	Seuns gewone kursus	Dogters gewone kursus	Seuns praktiese kursus	Gemiddelde prestasie in standaard sewe	Perentasie vir Afrikaans standaard sewe	Perentasie vir Engel's standaard sewe	Perentasie vir Wiskunde standaard sewe	R <sup>2</sup> (alle veranderlikes) - R <sup>2</sup> (alle veranderlikes sonder spesifieke onafhanklike veranderlike)	p-waarde; kleiner as 0,05 of 0,005
29a	aantal skole besoek	X			X				0,0282	0,005
29b	"	X				X			0,0209	0,05
31a	studievlak moeder			X	X				0,0354	0,05
31b	"		X		X				0,0058	0,05
31c	"			X			X		0,0677	0,05
31d	"			X				X	0,0480	0,05
31e	"							X	0,0334	0,05
34	beroep moeder		X			X			0,0154	0,05
36	beroepsaspirasies van kind		X				X		0,0247	0,05
37a	aantal kinders in gesin		X			X			0,0415	0,005
37b	"		X				X		0,0209	0,05
37c	"	X						X	0,0157	0,05
38a	aantal mense in huis		X			X			0,0147	0,05
38b	"		X				X		0,0251	0,05
44a	ouderdom moeder oorlede	X			X				0,0088	0,05
44b	"			X			X		0,0389	0,05
45	plaasvervanger vir ouer(s)	X					X		0,0284	0,05
51	selfbeoordeling - Eksteen	X				X			0,0204	0,05
55a	aanpassing tuis - Bell	X			X				0,0288	0,005
55b	"		X		X				0,0186	0,005
55c	"	X				X			0,0271	0,05
55d	"	X					X		0,0213	0,05
55e	"			X				X	0,0763	0,05
56a	gesondheidsaanpassing - Bell	X				X			0,0168	0,05
56b	"		X				X		0,0224	0,05
57	onderdanigheid, selfstandigheid - Bell	X						X	0,0245	0,05
58	emosionaliteit - Bell	X			X				0,0084	0,05
61a	identifikasie met eerste persoon - Eksteen	X			X				0,0086	0,05
61b	"		X			X			0,0162	0,05
66a	identifikasie met tweede persoon - Eksteen			X	X				0,0201	0,05
66b	"	X					X		0,0152	0,05
68a	eiewaarde - PHSF		X		X				0,0117	0,05
68b	"	X						X	0,0184	0,05
69	selfbeheer - PHSF			X			X		0,0371	0,05
70a	senuweegtigheid - PHSF		X		X				0,0058	0,05
70b	"		X					X	0,0312	0,05
71a	gesondheid - PHSF			X	X				0,0488	0,005
71b	"	X			X				0,0117	0,05
71c	"			X		X			0,0563	0,05
71d	"			X				X	0,0933	0,005
71e	"		X				X		0,0201	0,05
78	geldigheidskaal, eerlike antwoorde - PHSF	X			X				0,0249	0,005
91a	waardeself - Vrey		X		X				0,0059	0,05
91b	"		X			X			0,0238	0,05
111	skoolaffek een			X			X		0,0406	0,05
113a	akademiese selfkonsep een	X			X				0,0258	0,05
113b	"		X						0,0094	0,05
113c	"	X						X	0,0209	0,05
113d	"		X					X	0,0340	0,05
114a	akademiese selfkonsep twee	X			X				0,0129	0,05
114b	"		X		X				0,0321	0,005
114c	"	X				X			0,0304	0,05
114d	"		X			X			0,0331	0,005
114e	"	X							0,0136	0,05
114f	"		X				X		0,0480	0,005
115a	prestasiemotivering een	X			X				0,0173	0,05
115b	"			X		X			0,0356	0,05
116a	prestasiemotivering twee	X					X		0,0239	0,05
116b	"			X				X	0,0786	0,05
119a	onderwyservrees			X		X			0,0333	0,05
119b	"		X					X	0,0219	0,05





TABEL 8.4 VARIANSIE DEUR ELKE FAKTOR VERKLAAR

Faktor	Variansie verklaar	Kumulatiewe deel van totale variansie
1	11,92	0,18
2	4,46	0,25
3	3,20	0,30
4	2,59	0,34
5	2,40	0,37
6	2,30	0,41
7	1,99	0,44
8	1,73	0,46
9	1,52	0,49
10	1,50	0,51
11	1,41	0,53
12	1,31	0,55
13	1,23	0,57
14	1,16	0,59
15	1,14	0,60
16	1,07	0,62
17	1,00	0,63

Variansie verklaar deur die ander faktore is kleiner as 1,0 en word derhalwe weggelaat



TABEL 8.6 ONAFHANKLIKE VERANDERLIKES WAT 'N BEDUIDENDE VERBAND TOON MET DIE KOMPONENTE VAN SKOLASTIESE PRESTASIE

Afhanklike veranderlikes	Nr.	Seuns praktiese kursus Onafhanklike veranderlikes	Nr.	Seuns gewone kursus Onafhanklike veranderlikes	Nr.	Dogters gewone kursus Onafhanklike veranderlikes
gemiddelde persentasie in standaard sewe	31 66 71	* studievlak moeder * identifikasie met tweede persoon - Eksteen ** gesondheid - PHSF	8 29 44 55 58 61 71 78 113 114 115	** verbale IK ** aantal skole besoek * ouderdom moeder oorlede ** aanpassing tuis - Bell * emosionaliteit - Bell * identifikasie met eerste persoon - Eksteen * gesondheid - PHSF ** geldigheidskaal, eerlike antwoorde - PHSF ** akademiese selfkonsep een * akademiese selfkonsep twee * prestasie motivering een	8 31 55 68 70 91 113 114	** verbale IK * studievlak moeder ** aanpassing tuis - Bell * eiewaarde - PHSF * senuweeagtigheid - PHSF * waardesself - Vrey * akademiese selfkonsep een ** akademiese selfkonsep twee
persentasie vir Afrikaans standaard sewe	71 115 119	* gesondheid - PHSF * prestasie motivering een * onderwyservrees	8 29 51 55 56 114	** verbale IK * aantal skole besoek * selfbeoordeling - Eksteen * aanpassing tuis - Bell * gesondheidsaanpassing - Bell * akademiese selfkonsep twee	34 37 38 61 91 114	* beroep moeder ** aantal kinders in gesin * aantal mense in huis * identifikasie met eerste persoon - Eksteen * waardesself - Vrey * akademiese selfkonsep twee
persentasie vir Engels standaard sewe	31 44 69 71 111	* studievlak moeder * ouderdom moeder oorlede * selfbeheer - PHSF ** gesondheid - PHSF * skoolaffek een	8 45 55 114 116	** verbale IK * plaasvervanger vir ouer(s) * aanpassing tuis - Bell * akademiese selfkonsep twee * prestasie motivering twee	37 38 56 71 114	* aantal kinders in gesin * aantal mense in huis * gesondheidsaanpassing - Bell * gesondheid - PHSF ** akademiese selfkonsep twee
persentasie vir Wiskunde standaard sewe	31 55 65 116	* studievlak moeder * aanpassing tuis - Bell * identifikasie met gesin - Rundquist en Sletto * prestasie motivering twee	7 37 57 66 68 113	* nie-verbale IK * aantal kinders in gesin * onderdanigheid, selfstandigheid - Bell * identifikasie met tweede persoon - Eksteen * eiewaarde - PHSF * akademiese selfkonsep een	7 31 36 70 113 119	* nie-verbale IK * studievlak moeder * beroepsaspirasies van kind * senuweeagtigheid - PHSF * akademiese selfkonsep een * onderwyservrees

\* p < 0,05  
\*\* p < 0,005

## 8.6 MOONTLIKE VERMINDERING VAN VERANDERLIKES NA ONDERLIGGENDE FAKTORE

Uit tabel 8.3 is dit duidelik dat faktor 1 in verband staan met emosionaliteit. Die faktor korreleer baie hoog met alle komponente van die IPAT-angsskaal. Faktor 1 verklaar ook byna twaalf persent van die totale variansie in die gegewens (vgl. tabel 8.4). Die komponente van die IPAT-angsskaal se onderlinge korrelasies wissel van  $r=0,21$  tot  $r=0,76$  (vgl. tabel 8.2). Die angsskaal word in hierdie ondersoek as 'n kontroleveranderlike gebruik en uit die faktoranalise blyk dit dat dit 'n belangrike kontroleveranderlike is. In die lig van bostaande gegewens is daar besluit om:

- \* die IPAT-punt te gebruik en nie faktor 1 nie;
- \* die totale IPAT-punt en nie die afsonderlike punte nie, te gebruik;
- \* nie ander veranderlikes soos emosionaliteit, wat 'n laer korrelasie as enige van die IPAT-komponente met die faktor 1 het, hierby te betrek nie (vgl. tabel 8.3, emosionaliteit korreleer  $0,51$  met faktor 1).

Faktor 2 verklaar heelwat minder van die totale variansie naamlik  $4,46\%$  (vgl. tabel 8.4). Dié faktor korreleer hoog met komponente ses en sewe van die PHSF, naamlik *gesinsinvloede - PHSF* en *persoonlike vryheid - PHSF* en met die *identifikasie met gesin - Rundquist en Sletto*, *aanpassing tuis - Bell*, *opvoedende betrokkenheid vader - Eksteen* en ook met *sosiale*



*self - Vrey*. Dit is dus 'n faktor wat in noue verband staan met verhoudinge, maar omvat tog nie alle komponente van die PHSF nie. Let daarop dat *opvoedende betrokkenheid vader - Eksteen*, 'n korrelasie van  $r=0,60$  met faktor 2 het, terwyl *opvoedende betrokkenheid moeder - Eksteen*, slegs 'n korrelasie van  $r=0,39$  met faktor 2 het. Faktor 2 kan ook nie op grond van die teoretiese grondslae as 'n eenduidige faktor beskou word nie. Derhalwe is daar besluit om die komponente van die PHSF in die meervoudige regressie-analise te behou. Die interkorrelasies tussen die komponente van die PHSF is ook onderling laag (vgl. tabel 8.2).

Faktor 3 verklaar 3,20% van die totale variansie (vgl. tabel 8.4). Die relatief hoë korrelasie met *sosialiteit groep - PHSF*, *onderdanigheid*, *selfstandigheid - Bell*, *gesinself - Vrey*, *persoonlike self - Vrey*, *fisieke self - Vrey* en *identiteitsekerheid een en twee* dui daarop dat hierdie faktor in verband staan met die self en die selfbegrip. Dit korreleer egter nie met alle komponente van die selfbegrip nie, terwyl dit 'n redelike korrelasie toon met sekere komponente van die PHSF (vgl. tabel 8.3). Daarom is besluit om die faktor ook nie as veranderlike te gebruik in die meervoudige variansie-analise nie.

*Identiteitsekerheid een en twee* het beide 'n lae korrelasie ( $r=0,46$  en  $r=0,32$ ) met hierdie faktor (vgl. tabel 8.3) en ook met mekaar onderling ( $r=0,28$ , tabel 8.2). Daar is dus besluit om *identiteitsekerheid een en twee* as aparte veranderlikes te handhaaf.

Faktor 4 verklaar 2,60% van die totale variansie (vgl. tabel 8.4) en korreleer hoog met *moederidentifikasie - Eksteen* ( $r=0,76$ ), *identifikasie met eerste persoon - Eksteen* ( $r=0,70$ ), *identifikasie met tweede persoon - Eksteen* ( $r=0,60$ ), *selfbeoordeling - Eksteen* ( $r=0,59$ ) en *vaderidentifikasie - Eksteen* ( $r=0,54$ ) (vgl. tabel 8.3). Selfs die korrelasie met *moederidentifikasie - Itkin* ( $r=0,47$ ) en *vaderidentifikasie - Itkin* ( $r=0,34$ ) (vgl. tabel 8.3) is redelik hoog. Daar kan dus afgelei word dat faktor 4 in verband staan met die beoordeling van ander persone of ook die identifikasie met ander persone. Omdat hierdie faktor egter belangrike onafhanklike veranderlikes insluit en *vaderidentifikasie* die belangrikste onafhanklike veranderlike van hierdie navorsing is, is besluit om nie te transformeer nie en is hulle dus apart gehou. In die verdere bespreking moet dit egter in gedagte gehou word dat *die identifikasie met of beoordeling van 'n ander persoon, 'n algemene faktor is.*

Faktor 5 verklaar 2,40% van die totale variansie (vgl. tabel 8.3) en korreleer hoog met die *vrees vir die onderwyser* in alle vakke (varieer van  $r=0,78$  -  $r=0,57$ ; vgl. tabel 8.3). Dit is duidelik dat ons hier 'n algemene faktor het wat eenduidig verklaar word. Die som van die vreestellings vir die onderwyser in bepaalde vakke is dus in die verdere analises as een veranderlike gebruik wat as *onderwyservrees* bekend sal staan.

Faktor 6 wat 2,30% van die totale variansie verklaar (vgl. tabel 8.3) en wat hoog korreleer met verbale

I.K. ( $r=0,83$ ), nie-verbale I.K. ( $r=0,83$ ) en die gemiddeld in standaard sewe ( $r=0,63$ ; vgl. tabel 8.3), is net so behou.

Faktor 7 verklaar nog 2,00% van die totale variansie (vgl. tabel 8.4). Hierdie faktor korreleer hoog met drie van die komponente van PHSF (vgl. tabel 8.3), maar daar is reeds besluit om PHSF in komponente te hanteer.

Faktor 8 korreleer wel hoog met *skoolaffek een* ( $r=0,72$ ), *akademiese selfkonsep een* ( $r=0,64$ ), *akademiese selfkonsep twee* ( $r=0,55$ ) en *skoolaffek twee* ( $r=0,51$ ) en groepeer hulle dus saam, maar *akademiese selfkonsep twee* en *skoolaffek twee* is ook gelaai op faktor 6 terwyl *akademiese selfkonsep een* en *akademiese selfkonsep twee* ook gelaai is op faktor 10 en *akademiese selfkonsep twee* op faktor 13 (vgl. tabel 8.3); derhalwe is besluit om hulle apart te hou.

Faktor 9 korreleer weer hoog met twee komponente van PHSF ( $r=0,75$  en  $r=0,60$ ) (vgl. tabel 8.3) maar word om dieselfde rede as faktor 7, apart gehou.

Faktor 10 toon 'n korrelasie met 'n aantal van die komponente van die selfkonsep, maar ook met *akademiese selfkonsep een* en *akademiese selfkonsep twee* (vgl. tabel 8.3). Om dieselfde redes as genoem by die bespreking van faktor 3 en faktor 8 is ook hierdie faktor apart gehou.

Die res van die faktore verklaar so 'n klein deeltjie

van die totale variansie (kleiner as 1,5 per faktor; vgl. tabel 8.3) en is moeilik eenduidig omskryfbaar. Derhalwe is daar besluit om hulle so te laat.

Aangesien daar reeds besluit is om alle *vrees vir die onderwyser* (vgl. bespreking by faktor 5) bymekaar te tel, is daar besluit om ook alle *hou van die onderwyser* bymekaar te tel. Dit gee dan 'n soort *gemiddelde hou van punt* en word verder genoem *hou van onderwyser*.

Opsommend is dan tot die volgende gevolgtrekking geraak:

- \* Die IPAT-komponente word bymekaar getel en as een punt hanteer.
- \* Alle *bang vir die onderwyser* word bymekaar getel en as een punt hanteer. Dit word *onderwysservrees* genoem.
- \* Alle *hou van 'n sekere vakonderwyser* is bymekaar getel en as een punt hanteer. Dit word *hou van onderwyser* genoem.
- \* Die res is so behou.

Hierdie onafhanklike veranderlikes word nou in die volgende analises gebruik.

## 8.7 ORIENTERING MET BETREKKING TOT DIE ANALISES

In die bespreking van die verloop van die analises sal eerstens stilgestaan word by analises waar die hele groep proefpersone gebruik is. Die hipoteses wat spesifiek op die hele groep betrekking het, sal

dan getoets word (hipoteses 1-7). Daarna sal bespreek word hoe die oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders uitgesoek is, waarna die analises wat slegs op hulle betrekking het, bespreek sal word. Die hipoteses wat op hierdie uitgesoekte groepies proefpersone betrekking het, sal daarna aan die beurt kom (hipoteses 8-11).

## 8.8 ANALISES EN DIE HELE GROEP PROEFPERSONE

### 8.8.1 Statistieke

Om die hipoteses wat vir hierdie groep gestel is te toets, is die gesamentlike en individuele invloed van al die onafhanklike veranderlikes op skolastiese prestasie met behulp van meervoudige regressie-analise bepaal. Die reeks veranderlikes wat ingesluit is, is as kontrole gebruik. Deur meervoudige regressie-analise te gebruik, is die veranderlikes konstant gehou en die variansie in skolastiese prestasie wat slegs deur vaderidentifikasie verklaar word, bepaal. Die bydrae van elkeen van die veranderlikes tot die variansie in skolastiese prestasie is ook bepaal. Deur die bydrae van vaderidentifikasie tot die variansie in skolastiese prestasie te vergelyk met die bydrae van elkeen van die veranderlikes, is die relatiewe bydrae van vaderidentifikasie op skolastiese prestasie vasgestel.

Die kwadraat van die meervoudige korrelasiekoëffisiënt wat deur die program beskikbaar gestel word, gee die variansie aan in die afhanklike veranderlike

wat toegeskryf kan word aan die gesamentlike invloed van al die onafhanklike veranderlikes. Die proporsie wat verklaar word deur 'n enkele veranderlike as die invloed van al die ander faktore konstant gehou word, word weergegee deur die verskil in twee waardes vir  $R^2$ . Die een waarde van  $R^2$  gee die proporsie variansie verklaar deur alle veranderlikes. 'n Tweede  $R^2$  word bereken, en gee die proporsie variansie wat verklaar word deur alle veranderlikes behalwe dié een waarvan die invloed op die variansie van die afhanklike veranderlike verklaar moet word. Die proporsie variansie verklaar deur hierdie één onafhanklike veranderlike, is dan die verskil in dié twee waardes van  $R^2$ .

Tabel 8.5 gee 'n opsomming van die toename in  $R^2$  as nog 'n veranderlike by die regressie-vergelyking gevoeg word. Dit sê dus watter proporsie variansie deur elke veranderlike alleen verklaar word en of dié bydraes beduidend is of nie.

Uit tabel 8.5 is 'n opsomming gemaak van al die onafhanklike veranderlikes waarvan die proporsie tot die variansie in skolastiese prestasie wat deur die betrokke veranderlike verklaar word, beduidend is. Dit word weergegee in tabel 8.6.

Om 'n globale beeld van die drie leerlinggroepe te verkry word elkeen van die drie leerlinggroepe kortliks bespreek ten opsigte van daardie onafhanklike veranderlikes wat beduidende proporsies tot die variansie in gemiddelde persentasie in standerd sewe,







verklaar. Na dié bespreking sal die hipoteses wat op hierdie deel betrekking het, getoets word. Die leerlinggroepe sal nie vir die ander komponente van skolastiese prestasie, soos vir gemiddelde persentasie vir standerd sewe, afsonderlik bespreek word nie.

8.8.2 Onafhanklike veranderlikes wat 'n beduidende verband toon met gemiddelde persentasie in standerd sewe

Uit 'n ontleding van tabelle 8.5 en 8.6, kom die volgende ooreenkomste tussen die leerlinggroepe na vore.

8.8.2.1 Seuns gewone kursus

Die proporsies van die variansie in gemiddelde persentasie in standerd sewe, wat deur die volgende veranderlikes verklaar word, is van die hoogstes by hierdie seuns en vir hierdie komponent van skolastiese prestasie:

\* *Verbale I.K.;*  
 $R^2$  (alle veranderlikes)  $-R^2$  (alle veranderlikes sonder *verbale I.K.*)

= 0,178;  $p < 0,005$ ;  
 $\Lambda$

\* *aantal skole besoek;*  
 $R^2$  (alle veranderlikes)  $-R^2$  (alle veranderlikes sonder *aantal skole besoek*)

= 0,0282;  $p < 0,005$ ;

\* *aanpassing tuis;*

$R^2$  (alle veranderlikes)     $-R^2$  (alle veranderlikes  
sonder *aanpassing*  
*tuis*)

= 0,0288;  $p < 0,005$  (vgl. tabel 8.5, 8.6):

Die eerste twee van hierdie veranderlikes toon by hierdie seuns 'n verband met hulle sukses op skool.

Ander veranderlikes wat ook 'n verband toon met die skoolopset by hierdie seuns en wat proporsies verklaar tot die variansie in gemiddelde persentasie in standerd sewe wat beduidend is, is die volgende (vgl. tabel 8.5, 8.6):

- \* *akademiese selfkonsep een;*
- \* *akademiese selfkonsep twee;*
- \* *prestasiemotivering een.*

#### 8.8.2.2          Dogters gewone kursus

Tussen die dogters in die gewone kursus en die seuns in die gewone kursus is daar 'n duidelike ooreenkoms tussen die onafhanklike veranderlikes wat 'n beduidende verband toon met gemiddelde persentasie in standerd sewe.

Net soos by die seuns in die gewone kursus is die proporsies van die variansie in gemiddelde persentasie in standerd sewe, wat deur die volgende veranderlikes verklaar word, ook beduidend (vgl. tabel 8.5, 8.6):

\* *verbale I.K.*;  
 $R^2$  (alle veranderlikes)  $-R^2$  (alle veranderlikes  
sonder *verbale I.K.*)

= 0,0211;  $p < 0,005$ ;

\* *aanpassing tuis*;  
 $R^2$  (alle veranderlikes)  $-R^2$  (alle veranderlikes  
sonder *aanpassing tuis*)

= 0,0186;  $p < 0,005$ .

By albei hierdie leerlinggroepe word die belangrikheid van hulle *verbale I.K.* en *aanpassing tuis* om in standaard sewe sukses op skool te behaal, derhalwe benadruk.

Net soos by die seuns in die gewone kursus, kom ook hier die veranderlikes wat dui op die skool, sterk na vore (vgl. tabel 8.5, 8.6):

- \* *akademiese selfkonsep een*;
- \* *akademiese selfkonsep twee*.

#### 8.8.2.3 Seuns praktiese kursus

Anders as by die seuns en dogters in die gewone kursus, is hier geen veranderlikes wat 'n beduidende verband toon met gemiddelde persentasie in standaard sewe en wat na die skool en die skoolopset van hierdie leerlinge verwys nie (vgl. tabel 8.5, 8.6).

8.8.3 Toets van die hipoteses wat gestel is vir die groot groep leerlinge

8.8.3.1 Toets van hipotese 1 en sy subhipoteses

*Hipotese 1:* Daar is 'n verband tussen vaderidentifikasie en skolastiese prestasie.

Uit tabel 8.5 blyk dit dat die proporsies van die variansie in skolastiese prestasie wat deur *vaderidentifikasie* verklaar word, nie beduidend is nie. Dit geld ten opsigte van die variansie in:

- \* gemiddelde persentasie in standerd sewe;
- \* persentasie vir Afrikaans standerd sewe;
- \* persentasie vir Engels standerd sewe;
- \* persentasie vir Wiskunde standerd sewe.

Dit is ook van toepassing by al drie die leerling-groepe naamlik:

- \* seuns gewone kursus;
- \* dogters gewone kursus;
- \* seuns praktiese kursus,

en wel soos gemeet deur *vaderidentifikasie - Itkin* en *vaderidentifikasie - Eksteen* (vgl. tabel 8.5, veranderlikes nr. 53, 54).

By hierdie groep hipoteses is die grootste proporsie van die variansie in skolastiese prestasie wat verklaar word deur *vaderidentifikasie*, as die invloed van al die ander onafhanklike veranderlikes konstant gehou word, dié ten opsigte van persentasie vir Engels standerd sewe van seuns praktiese kursus en

wel vir die veranderlike *vaderidentifikasie* - Eksteen, naamlik:

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} \quad -R^2 \text{ (alle veranderlikes sonder vaderidentifikasie)}$$

$$= 0,0292; \quad p = 0,06 \text{ (vgl. tabel 8.5).}$$

Hipotese 1 en sy subhipoteses word derhalwe nie aanvaar nie.

Indien die leerlinggroepe met mekaar vergelyk word ten opsigte van die grootste proporsie van variansie in elkeen van die komponente van skolastiese prestasie, wat deur *vaderidentifikasie* verklaar word, word die volgende gevind (vgl. tabel 8.5, 8.6):

a) By seuns praktiese kursus, is die proporsies wat deur *vaderidentifikasie* verklaar word, van die grootstes by al drie die leerlinggroepe (vgl. tabel 8.5, veranderlikes nr. 53, 54).

\* gemiddelde persentasie in standerd sewe;

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} \quad -R^2 \text{ (alle veranderlikes sonder vaderidentifikasie)}$$

$$= 0,0071; \quad p = 0,25;$$

\* persentasie vir Engels standerd sewe;

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} \quad -R^2 \text{ (alle veranderlikes sonder vaderidentifikasie)}$$

$$= 0,0292; \quad p = 0,06;$$

\* persentasie vir Wiskunde standerd sewe;

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} \quad -R^2 \text{ (alle veranderlikes sonder vaderidentifikasie)}$$

$$= 0,0113; \quad p = 0,26.$$

b) By seuns in die gewone kursus verklaar *vaderidentifikasie* die grootste proporsie van die variansie in persentasie vir Afrikaans standerd sewe;

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} \quad -R^2 \text{ (alle veranderlikes sonder vaderidentifikasie)}$$

$$= 0,0035; \quad p = 0,35. \quad (0.35\%)^?$$

h Vergelyking tussen die seuns gewone kursus en dogters gewone kursus soos dit na vore kom uit tabelle 8.5 en 8.6 gee die volgende:

a) By seuns gewone kursus verklaar *vaderidentifikasie* die grootste proporsie van die variansie in:

\* gemiddelde persentasie in standerd sewe;

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} \quad -R^2 \text{ (alle veranderlikes sonder vaderidentifikasie)}$$

$$= 0,0033; \quad p = 0,22;$$

\* persentasie vir Afrikaans standaard sewe;

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} \quad -R^2 \text{ (alle veranderlikes sonder vaderidentifikasie)}$$

$$= 0,0035; \quad p = 0,35.$$

b) By dogters gewone kursus verklaar *vaderidentifikasie* die grootste proporsie van die variansie in:

\* persentasie vir Engels;

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} \quad -R^2 \text{ (alle veranderlikes sonder vaderidentifikasie)}$$

$$= 0,0062; \quad p = 0,26;$$

\* persentasie vir Wiskunde;

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} \quad -R^2 \text{ (alle veranderlikes sonder vaderidentifikasie)}$$

$$= 0,0068; \quad p = 0,25.$$

8.8.3.2 Toets van hipotese 2 en sy subhipoteses

*Hipotese 2*: Daar is 'n verband tussen moederidentifikasie en skolastiese prestasie.

'n Ontleding van tabel 8.5 toon dat slegs die proporsie van die variansie in gemiddelde persentasie in standaard sewe by dogters gewone kursus, wat verklaar word deur *moederidentifikasie*, beduidend is. Dit word gemeet met die veranderlike *moederidentifikasie*

- *Itkin* (vgl. tabel 8.5, veranderlike nr. 63). Die proporsie van die variansie in gemiddelde persentasie in standerd sewe wat verklaar word deur *moederidentifikasie* as die invloed van al die ander veranderlikes konstant gehou word, is:

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} \quad -R^2 \text{ (alle veranderlikes sonder } \textit{moederidentifikasie})$$

$$= 0,0070; \quad p < 0,05.$$

Geeneen van die ander proporsies wat verklaar word deur *moederidentifikasie* soos gemeet deur *moederidentifikasie - Itkin* en *moederidentifikasie - Eksteen* (vgl. tabel 8.5, veranderlikes nr. 63, 64), is beduidend nie. Dit geld vir al die ander komponente van skolasiese prestasie en vir elkeen van die leerlinggroepe.

Slegs die subhipotese: Daar is 'n verband tussen *moederidentifikasie* van die dogter in die gewone kursus en haar gemiddelde persentasie in standerd sewe, word derhalwe aanvaar. Hipotese 2 en sy ander subhipoteses word nie aanvaar nie.

By hierdie groep hipoteses is die grootste proporsie van die variansie in die afhanklike veranderlike wat verklaar word deur *moederidentifikasie*, dié ten opsigte van die gemiddelde persentasie in standerd sewe van seuns in die praktiese kursus, en wel vir die veranderlike *moederidentifikasie - Itkin* naamlik:



$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} - R^2 \text{ (alle veranderlikes sonder } \\ \text{moederidentifikasie)}$$

$$= 0,0193; \quad p = 0,06.$$

Strenggesproke kan 'n vergelyking tussen die proporsie van die variansie in skolastiese prestasie wat deur *vaderidentifikasie* verklaar word nie sonder meer met die proporsie van die variansie in skolastiese prestasie wat deur *moederidentifikasie* verklaar word, vergelyk word nie. 'n Vergelyking kan ook nie getref word in dié sin dat gesê kan word dat die een onafhanklike veranderlike beduidend meer variansie in die afhanklike veranderlike verklaar as 'n ander onafhanklike veranderlike nie. Globaal kan die proporsies van die variansie in skolastiese prestasie, wat verklaar word deur genoemde veranderlikes, wel teenoor mekaar gespieël word. Die vergelyking word getref om 'n relatiewe beeld te verkry van die invloed van *vaderidentifikasie*.

Uit tabel 8.5 is 'n uittreksel gemaak van die proporsies van die variansie in skolastiese prestasie soos dit verklaar word deur *vaderidentifikasie* en *moederidentifikasie* as die invloed van al die ander onafhanklike veranderlikes konstant gehou word. Dit word weergegee in tabel 8.7. Slegs die grootste proporsie wat verklaar word deur hetsy *vaderidentifikasie* - *Itkin* of *vaderidentifikasie* - *Eksteen* word telkens gegee. Dieselfde geld vir *moederidentifikasie*.

TABEL 8.7 PROPORSIE VAN VARIANSIE VERKLAAR DEUR VADERIDENTIFIKASIE EN MOEDERIDENTIFIKASIE

	Gemiddelde persentasie in standaard sewe			Persentasie vir Afrikaans standaard sewe			Persentasie vir Engels standaard sewe			Persentasie vir Wiskunde standaard sewe		
	Seuns praktiese kursus	Seuns gewone kursus	Dogters gewone kursus	Seuns praktiese kursus	Seuns gewone kursus	Dogters gewone kursus	Seuns praktiese kursus	Seuns gewone kursus	Dogters gewone kursus	Seuns praktiese kursus	Seuns gewone kursus	Dogters gewone kursus
Onafhanklike veranderlikes												
vaderidentifikasie	0,0071	0,0033	0,0009	0,0033	0,0035	0,0004	0,0292	0,0023	0,0062	0,0113	0,0002	0,0068
moederidentifikasie	0,0193	0,0047	0,0070	0,0120	0,0070	0,0059	0,0100	0,0007	0,0007	0,0152	0,0070	0,0133
vaderidentifikasie							+	+	+			
moederidentifikasie	+	+	+	+	+	+				+	+	+

Die "+"-tekens dui aan watter onafhanklike veranderlike se proporsie van variansie verklaar, die grootste is.

Uit tabel 8.7 is dit duidelik dat die proporsie van die variansie wat deur *moederidentifikasie* verklaar word, groter is as die proporsie van die variansie wat deur *vaderidentifikasie* verklaar word ten opsigte van:

- \* gemiddelde persentasie in standerd sewe;
- \* persentasie vir Afrikaans standerd sewe;
- \* persentasie vir Wiskunde standerd sewe.

Dit geld vir die:

- \* seuns in die gewone kursus;
- \* dogters in die gewone kursus;
- \* seuns in die praktiese kursus.

Slegs vir die veranderlike persentasie vir Engels standerd sewe, is die proporsie van die variansie wat deur *vaderidentifikasie* verklaar word, groter as die proporsie van die variansie wat deur *moederidentifikasie* verklaar word. Dit geld vir elk van die drie leerlinggroepe (vgl. tabel 8.7).

#### 8.8.3.3 Toets van hipotese 3 en sy subhipoteses

*Hipotese 3:* Daar is 'n verband tussen identifikasie met die gesin en skolastiese prestasie.

Uit tabel 8.5 blyk dit dat die proporsies van die variansie in skolastiese prestasie wat deur die veranderlike *identifikasie met gesin* verklaar word, slegs die proporsie van die variansie in persentasie vir Wiskunde standerd sewe, by seuns praktiese kur-

sus, beduidend is. Dit word gemeet deur die veranderlike *identifikasie met die gesin* - Rundquist en Sletto (vgl. tabel 8.5, veranderlike nr. 65).

Die proporsie van die variansie wat verklaar word deur *identifikasie met gesin*, as die invloed van al die ander veranderlikes konstant gehou word, is:

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} \quad -R^2 \text{ (alle veranderlikes sonder } \textit{identifikasie met gesin})$$

$$= 0,0384; \quad p < 0,05.$$

Dit is ook die grootste proporsie van die variansie in skolastiese prestasie in hierdie groep hipoteses wat deur *identifikasie met gesin* verklaar word.

Slegs die subhipotese: Daar is 'n verband tussen *identifikasie met die gesin* van die seun in die praktiese kursus en sy persentasie vir Wiskunde standerd sewe, word aanvaar.

Hipotese 3 en sy ander subhipoteses word nie aanvaar nie.

Soos reeds genoem met die bespreking van hipotese 2 (vgl. par. 8.8.3.2) kan die proporsie van die variansie in skolastiese prestasie wat deur *vaderidentifikasie* verklaar word, nie sonder meer met die proporsie van die variansie in skolastiese prestasie wat deur *identifikasie met gesin* verklaar word, vergelyk word nie. Globaal word die proporsies van die variansie in skolastiese prestasie wat deur elk van die genoemde ver-

anderlikes verklaar word wel teenoor mekaar gespieël. Die vergelyking word getref om 'n relatiewe beeld te verkry van die invloed van *vaderidentifikasie*.

Uit tabel 8.5 is 'n uittreksel gemaak van die proporsies van die variansie in skolastiese prestasie, soos dit verklaar word deur *vaderidentifikasie* en *identifikasie met gesin* as die invloed van die ander onafhanklike veranderlikes konstant gehou word. Dit word in tabel 8.8 weergegee. Slegs die grootste proporsie wat verklaar word deur hetsy *vaderidentifikasie* - *Itkin* of *vaderidentifikasie* - *Eksteen* word telkens gegee.

Uit tabel 8.8 blyk dit dat die proporsie van die variansie in skolastiese prestasie wat deur *vaderidentifikasie* verklaar word, groter is as die proporsie van die variansie in skolastiese prestasie wat deur *identifikasie met die gesin* verklaar word, ten opsigte van:

- \* gemiddelde persentasie in standerd sewe;
- \* persentasie vir Afrikaans standerd sewe;
- \* persentasie vir Engels standerd sewe.

Dit geld vir albei die seunsgroepe naamlik vir:

- \* seuns in die gewone kursus;
- \* seuns in die praktiese kursus.

Vir genoemde drie komponente van skolastiese prestasie is, by die dogters in die gewone kursus, die proporsie van die variansie wat deur *identifikasie met die gesin* verklaar word, groter as dié gedeelte wat

TABEL 8.8 PROPORSIE VAN VARIANSIE VERKLAAR DEUR VADERIDENTIFIKASIE EN IDENTIFIKASIE MET GESIN

	Gemiddelde persentasie in standerd sewe			Persentasie vir Afrikaans standerd sewe			Persentasie vir Engels standerd sewe			Persentasie vir Wiskunde standerd sewe		
	Seuns praktiese kursus	Seuns gewone kursus	Dogters gewone kursus	Seuns praktiese kursus	Seuns gewone kursus	Dogters gewone kursus	Seuns praktiese kursus	Seuns gewone kursus	Dogters gewone kursus	Seuns praktiese kursus	Seuns gewone kursus	Dogters gewone kursus
Onafhanklike veranderlikes												
vaderidentifikasie	0,0071	0,0033	0,0009	0,0033	0,0035	0,0004	0,0292	0,0023	0,0062	0,0113	0,0002	0,0068
identifikasie met gesin	0,0001	0,0003	0,0031	0,0010	0,0006	0,0005	0,0079	0,0004	0,0150	0,0384	0,0024	0,0007
vaderidentifikasie	+	+		+	+		+	+				+
identifikasie met gesin			+			+			+	+	+	

Die "+"-tekens dui aan watter onafhanklike veranderlike se proporsie van variansie verklaar, die grootste is.

deur *vaderidentifikasie* verklaar word.

In die geval van die afhanklike veranderlike persentasie vir Wiskunde standerd sewe, is die verloop vir seuns en dogters net die omgekeerde van dié by die ander komponente van skolastiese prestasie. By albei die seunsgroepe is die proporsie van die variansie verklaar deur *identifikasie met die gesin*, groter as die proporsie van die variansie wat deur *vaderidentifikasie* verklaar word. Slegs by die dogters in die gewone kursus is die proporsie van die variansie wat deur *vaderidentifikasie* verklaar word, groter as dié gedeelte wat deur *identifikasie met die gesin* verklaar word.

#### 8.8.3.4 Toets van hipotese 4 en sy subhipoteses

*Hipotese 4*: Daar is 'n verband tussen verbale I.K. en skolastiese prestasie.

'n Ontleding van tabel 8.5 toon dat die proporsie van die variansie in skolastiese prestasie wat verklaar word deur *verbale I.K.*, hoogs beduidend is. Dit geld ten opsigte van:

- a) Gemiddelde persentasie in standerd sewe;  
\* seuns gewone kursus;

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} \quad -R^2 \text{ (alle veranderlikes sonder verbale I.K.)}$$

$$= 0,0178; \quad p < 0,005;$$

\* dogters gewone kursus;

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} \quad -R^2 \text{ (alle veranderlikes} \\ \text{sonder verbale I.K.)}$$

$$= 0,0211; p < 0,005.$$

b) Persentasie vir Afrikaans standerd sewe, vir seuns gewone kursus;

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} \quad -R^2 \text{ (alle veranderlikes} \\ \text{sonder verbale I.K.)}$$

$$= 0,0392; p < 0,005.$$

c) Persentasie vir Engels standerd sewe, vir seuns gewone kursus;

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} \quad -R^2 \text{ (alle veranderlikes} \\ \text{sonder verbale I.K.)}$$

$$= 0,0423; p < 0,005.$$

Laasgenoemde proporsie van die variansie in persentasie vir Engels standerd sewe, wat deur *verbale I.K.* verklaar word, is die grootste proporsie van die variansie in skolastiese prestasie wat in hierdie groep hipoteses verklaar word.

Die volgende subhipoteses word aanvaar:

- \* Daar is 'n verband tussen die verbale I.K. van die seun in die gewone kursus en sy gemiddelde persentasie in standerd sewe.
- \* Daar is 'n verband tussen die verbale I.K. van die dogter in die gewone kursus en haar gemid-



delde persentasie in standerd sewe.

- \* Daar is 'n verband tussen die verbale I.K. van die seun in die gewone kursus en sy persentasie vir Afrikaans in standerd sewe.
- \* Daar is 'n verband tussen die verbale I.K. van die seun in die gewone kursus en sy prestasie vir Engels in standerd sewe.

Geeneen van die ander subhipoteses in hierdie groep word aanvaar nie.

Net soos by hipoteses 2 en 3 (vgl. par. 8.8.3.2 en 8.8.3.3) kan die proporsie van die variansie in skolastiese prestasie wat deur vaderidentifikasie verklaar word, nie sonder meer met die proporsie van die variansie in skolastiese prestasie wat deur *verbale I.K.* verklaar word, vergelyk word nie. Globaal word die proporsies van die variansie in skolastiese prestasie wat verklaar word deur elk van die genoemde veranderlikes wel teenoor mekaar gespieël. Die vergelyking word getref om 'n relatiewe beeld van die invloed van vaderidentifikasie te verkry.

Uit tabel 8.5 is 'n uittreksel gemaak van die proporsies van die variansie in skolastiese prestasie, soos dit verklaar word deur *vaderidentifikasie* en *verbale I.K.* as die invloed van al die ander onafhanklike veranderlikes konstant gehou word. Dit word in tabel 8.9 weergegee. Slegs die grootste proporsie wat verklaar word deur hetsy *vaderidentifikasie* - *Itkin* of *vaderidentifikasie* - *Eksteen*, word telkens

TABEL 8.9 PROPORSIE VAN VARIANSIE VERKLAAR DEUR VADERIDENTIFIKASIE EN VERBALE I.K.

Onafhanklike veranderlikes	Gemiddelde persentasie in standerd sewe			Persentasie vir Afrikaans standerd sewe			Persentasie vir Engels standerd sewe		
	Seuns praktiese kursus	Seuns gewone kursus	Dogters gewone kursus	Seuns praktiese kursus	Seuns gewone kursus	Dogters gewone kursus	Seuns praktiese kursus	Seuns gewone kursus	Dogters gewone kursus
verbale I.K.	0,0021	0,0178	0,0211	0,0162	0,0392	0,0077	0,0003	0,0423	0,0020
vaderidentifikasie	0,0071	0,0033	0,0009	0,0033	0,0035	0,0004	0,0292	0,0023	0,0062
verbale I.K.		+	+	+	+	+		+	
vaderidentifikasie	+						+		+

Die "+"-tekens dui aan watter onafhanklike veranderlike se proporsie van variansie verklaar, die grootste is.

gegee.

'n Konstante verloop ten opsigte van die proporsie van die variansie in skolastiese prestasie wat deur *verbale I.K.* verklaar word, in vergelyking met dié wat deur *vaderidentifikasie* verklaar word, kon nie vasgestel word nie.

Die enigste duidelike beeld wat verkry word, is dat by die seuns en dogters gewone kursus *verbale I.K.* 'n groter proporsie van die variansie in skolastiese prestasie verklaar as *vaderidentifikasie* ten opsigte van:

- \* gemiddelde persentasie in standerd sewe;
- \* persentasie vir Afrikaans standerd sewe.

Vir seuns in die gewone kursus geld laasgenoemde ook vir persentasie vir Engels standerd sewe (vgl. tabel 8.9).

#### 8.8.3.5 Toets van hipotese 5 en sy subhipoteses

*Hipotese 5:* Daar is 'n verband tussen nie-verbale I.K. en skolastiese prestasie.

'n Ontleding van tabel 8.5 toon dat die proporsie van die variansie in persentasie vir Wiskunde standerd sewe, wat verklaar word deur *nie-verbale I.K.*, beduidend is. Dit geld ten opsigte van:

\* seuns gewone kursus;

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} \quad -R^2 \text{ (alle veranderlikes sonder nie-verbale I.K.)}$$

$$= 0,0212; \quad p < 0,05;$$

\* dogters gewone kursus;

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} \quad -R^2 \text{ (alle veranderlikes sonder nie-verbale I.K.)}$$

$$= 0,0284; \quad p < 0,05.$$

Laasgenoemde proporsie van die variansie in persentasie vir Wiskunde standerd sewe, is die grootste proporsie wat in hierdie groep hipoteses verklaar word.

Die volgende subhipoteses word aanvaar:

\* Daar is 'n verband tussen die nie-verbale I.K. van die seun in die gewone kursus en sy persentasie vir Wiskunde standerd sewe.

\* Daar is 'n verband tussen die nie-verbale I.K. van die dogter in die gewone kursus en haar persentasie vir Wiskunde standerd sewe.

Ook hier, soos by hipoteses 2,3 en 4 (vgl. par. 8.8.3.2, 8.8.3.3 en 8.8.3.4), kan die proporsie van die variansie in skolastiese prestasie wat deur *vaderidentifikasie* verklaar word, nie sonder meer met die proporsie van die variansie in skolastiese prestasie wat deur nie-verbale I.K. verklaar word, vergelyk word nie. Globaal word die proporsies van die variansie in skolas-

tiese prestasie wat verklaar word deur elk van die genoemde veranderlikes wel teenoor mekaar gespieël. Die vergelyking word getref om 'n relatiewe beeld van die invloed van *vaderidentifikasie* te verkry.

Uit tabel 8.5 is 'n uittreksel gemaak van die proporsies van die variansie in skolastiese prestasie soos dit verklaar word deur *vaderidentifikasie* en *nie-verbale I.K.* as die invloed van al die ander onafhanklike veranderlikes konstant gehou word. Dit word in tabel 8.10 weergegee. Slegs die grootste proporsie wat verklaar word deur, hetsy *vaderidentifikasie - Itkin* of *vaderidentifikasie - Eksteen*, word telkens gegee.

TABEL 8.10 PROPORSIE VAN VARIANSIE VERKLAAR DEUR VADERIDENTIFIKASIE EN NIE-VERBALE I.K.

Onafhanklike veranderlikes	Gemiddelde persentasie in standaard sewe			Persentasie vir Wiskunde in standaard sewe		
	Seuns praktiese kursus	Seuns gewone kursus	Dogters gewone kursus	Seuns praktiese kursus	Seuns gewone kursus	Dogters gewone kursus
nie-verbale I.K.	0,0100	0,0010	0,0034	0,0015	0,0212	0,0284
vaderidentifikasie	0,0071	0,0033	0,0009	0,0113	0,0002	0,0068
nie-verbale I.K.	+		+		+	+
vaderidentifikasie		+		+		

Die "+"-tekens dui aan watter onafhanklike veranderlike se proporsie van variansie verklaar, die grootste is.

Die duidelikste afleiding wat hier gemaak kan word, is dat by seuns en dogters in die gewone kursus *nie-verbale I.K.* 'n groter proporsie van die variansie in persentasie vir Wiskunde standerd sewe verklaar as *vaderidentifikasie*. By seuns in die praktiese kursus verklaar *vaderidentifikasie* 'n groter proporsie van die variansie in persentasie vir Wiskunde standerd sewe, as *nie-verbale I.K.* (vgl. tabel 8.10).

#### 8.8.3.6 Toets van hipotese 6 en sy subhipoteses

*Hipotese 6:* Daar is 'n verband tussen die intreekenmerke gesamentlik en skolastiese prestasie.

'n Ontleding van tabel 8.5 toon dat die proporsies van die variansie in skolastiese prestasie wat deur die *intreekenmerke gesamentlik* verklaar word, hoogs beduidend is. By seuns en dogters gewone kursus veral, is die proporsies van die variansie in skolastiese prestasie wat verklaar word, hoogs beduidend. Slegs by seuns praktiese kursus is die proporsies van die variansie in persentasie vir Afrikaans standerd sewe, persentasie vir Engels standerd sewe en persentasie vir Wiskunde standerd sewe, nie beduidend nie. Die voorspellers gesamentlik, korreleer baie hoog met al die komponente van die afhanklike veranderlike, skolastiese prestasie. Dit varieer van 0,79 tot 0,88.

Die volgende subhipoteses word aanvaar (vgl. tabel 8.5):

a) Daar is 'n verband tussen die intreekenmerke gesamentlik en gemiddelde persentasie in standerd sewe.

Hierdie subhipotese word aanvaar vir:

- \* seuns gewone kursus,  $\{F(67;173) = 4,39; p < 0,0001\}$ ; gesamentlik verklaar die voorspellers 63% van die variansie in gemiddelde persentasie in standerd sewe; die korrelasie tussen die onafhanklike veranderlikes gesamentlik en gemiddelde persentasie in standerd sewe, is 0,79;
- \* dogters gewone kursus,  $\{F(67;213) = 6,89; p < 0,0001\}$ ; gesamentlik verklaar die voorspellers 68% van die variansie in gemiddelde persentasie in standerd sewe; die korrelasie tussen die onafhanklike veranderlikes gesamentlik en gemiddelde persentasie in standerd sewe, is 0,83;
- \* seuns praktiese kursus,  $\{F(67;73) = 1,76; p < 0,05\}$ ; gesamentlik verklaar die voorspellers 62% van die variansie in gemiddelde persentasie in standerd sewe; die korrelasie tussen die onafhanklike veranderlikes gesamentlik en gemiddelde persentasie in standerd sewe, is 0,79.

b) Daar is 'n verband tussen die intreekenmerke gesamentlik en persentasie vir Afrikaans standerd sewe.

Hierdie subhipotese word aanvaar vir:

- \* seuns gewone kursus,  $\{F(67;76) = 2,71; p < 0,0001\}$ ; gesamentlik verklaar die voorspellers 70% van die variansie in persentasie vir Afrikaans standerd sewe; die korrelasie tussen die onafhanklike veranderlikes gesamentlik en persentasie vir Afrikaans standerd sewe, is 0,84;
- \* dogters gewone kursus,  $\{F(66;70) = 2,95; p < 0,0001\}$ ; gesamentlik verklaar die voorspellers 74% van die variansie in persentasie vir Afrikaans standerd sewe; die korrelasie tussen die onafhanklike veranderlikes gesamentlik en persentasie vir Afrikaans standerd sewe, is 0,86.

c) Daar is 'n verband tussen die intreekenmerke gesamentlik en persentasie vir Engels standerd sewe.

Hierdie subhipotese word aanvaar vir:

- \* seuns gewone kursus,  $\{F(67;76) = 3,28; p < 0,0001\}$ ; gesamentlik verklaar die voorspellers 74% van die variansie in persentasie vir Engels standerd sewe; die korrelasie tussen die onafhanklike veranderlikes gesamentlik en persentasie vir Engels standerd sewe, is 0,86;
- \* dogters gewone kursus,  $\{F(66;70) = 2,11; p < 0,005\}$ ; gesamentlik verklaar die voorspellers 67% van die variansie in persentasie vir Engels standerd sewe; die korrelasie tussen die onafhanklike veranderlikes gesamentlik en persentasie vir Engels standerd sewe, is 0,82.



d) Daar is 'n verband tussen die intreekenmerke gesamentlik en persentasie vir Wiskunde standerd sewe.

Hierdie hipotese word aanvaar vir:

- \* seuns gewone kursus,  $\{F(67;76) = 2,67; p < 0,0001\}$ ; gesamentlik verklaar die voorspeller 70% van die variansie in persentasie vir Wiskunde standerd sewe; die korrelasie tussen die onafhanklike veranderlikes gesamentlik en persentasie vir Wiskunde standerd sewe, is 0,84;
- \* dogters gewone kursus,  $\{F(66;70) = 1,93; p < 0,005\}$ ; gesamentlik verklaar die voorspellers 64% van die variansie in persentasie vir Wiskunde standerd sewe; die korrelasie tussen die onafhanklike veranderlikes gesamentlik en persentasie vir Wiskunde standerd sewe, is 0,80.

Dit volg dus dat behalwe vir twee, al die subhipoteses aanvaar word.

#### 8.8.3.7 Toets van hipotese 7 en sy subhipoteses

*Hipotese 7:* Daar is 'n verband tussen elkeen van die bepaalde affektiewe intreekenmerke en skolastiese prestasie.

Uit tabel 8.5 word 'n uittreksel gemaak van al die affektiewe intreekenmerke wat wel beduidende proporsies van die variansie in skolastiese prestasie verklaar, en wat nog nie by die vorige hipoteses betrek is nie. Dit word weergegee in tabel 8.11.



In die eerste drie kolomme ná die kolom met die onafhanklike veranderlikes, word die drie leerlinggroepe aangedui (vgl. tabel 8.11), naamlik:

- \* seuns gewone kursus;
- \* dogters gewone kursus;
- \* seuns praktiese kursus.

Die volgende vier kolomme dui die komponente van skolastiese prestasie aan:

- \* gemiddelde persentasie in standerd sewe;
- \* persentasie vir Afrikaans standerd sewe;
- \* persentasie vir Engels standerd sewe;
- \* persentasie vir Wiskunde standerd sewe.

Die volgende kolom bevat die verskil tussen die  $R^2$  soos bereken vir die veranderlikes en die  $R^2$  soos bereken vir al die veranderlikes met uitsondering van dié betrokke veranderlike. In die laaste kolom word aangedui of die p-waarde kleiner as 0,05 of kleiner as 0,005 is. Om aan te dui watter leerlinggroep en watter komponent van skolastiese prestasie geraak word, word 'n kruisie onder die betrokke kolom geplaas. Aangesien verskillende kombinasies vir dieselfde veranderlike moontlik is, word hulle as a, b, c ensovoorts, aangedui. So sal veranderlike nr. 55d, verwys na die veranderlike *aanpassing tuis - Bell*, wat 'n beduidende proporsie van die variansie in persentasie vir Engels standerd sewe by seuns in die gewone kursus, verklaar:

$R^2$  (alle veranderlikes)       $-R^2$  (alle veranderlikes  
sonder *aanpassing tuis*  
- *Bell*)

= 0,0213;  $p < 0,05$ .

Uit hierdie tabel is dit duidelike dat die eerste veranderlike *aantal skole besoek* (nr. 29), 'n beduidende proporsie van die variansie in gemiddelde persentasie in standerd sewe, by seuns gewone kursus, verklaar (vgl. tabel 8.11 en die kruisies onder die kolom *seuns gewone kursus* en die kolom *gemiddelde persentasie in standerd sewe*);

$R^2$  (alle veranderlikes)       $-R^2$  (alle veranderlikes  
sonder *aantal skole*  
*besoek*)

= 0,0282;  $p < 0,005$ .

Die subhipotese: Daar is 'n verband tussen die aantal skole besoek en die gemiddelde persentasie in standerd sewe van die seun in die gewone kursus, word derhalwe aanvaar.

Elkeen van die 61 subhipoteses wat verteenwoordig word in tabel 8.11 word ook aanvaar.

Saam verklaar die veranderlikes in hierdie navorsing 'n groot persentasie van die variansie in skolastiese prestasie.

By die dogter in die gewone kursus is daar 'n aantal affektiewe veranderlikes wat 'n beduidende verband

toon met die komponente van skolastiese prestasie. Sommige van hierdie veranderlikes kan saam gegroepeer word en toon n besondere verband:

a) Veranderlikes waar die moeder betrek word (vgl. tabel 8.11, veranderlikes nr. 31, 34):

\* *studievlak moeder, twee komponente van skolastiese prestasie;*

\* *beroep moeder.*

b) Veranderlikes waar faktore rondom die huis in gedrang kom (vgl. tabel 8.11, veranderlikes nr. 36, 37, 38, 55, 56):

\* *beroepsaspirasies van kind;*

\* *aantal kinders in gesin, twee komponente van skolastiese prestasie;*

\* *aantal mense in huis, twee komponente van skolastiese prestasie;*

\* *aanpassing tuis - Bell;*

\* *gesondheidsaanpassing - Bell.*

c) Veranderlikes wat in verband staan met die skool en skoolprestasie (vgl. tabel 8.11, veranderlikes nr. 113, 114):

\* *akademiese selfkonsep een, twee komponente van skolastiese prestasie;*

\* *akademiese selfkonsep twee, drie komponente van skolastiese prestasie.*

In die geval van die seun in die gewone kursus, is daar ook 'n aantal veranderlikes wat 'n beduidende verband toon met komponente van skolastiese prestasie:

a) Veranderlikes wat in verband staan met die seun se ouerhuis (vgl. tabel 8.11, veranderlikes nr. 55, 29, 37, 44, 45, 56, 71):

- \* *aanpassing tuis - Bell, drie komponente van skolastiese prestasie;*
- \* *aantal skole besoek, twee komponente van skolastiese prestasie;*
- \* *aantal kinders in gesin;*
- \* *ouerdom moeder oorlede;*
- \* *plaasvervanger vir ouer(s);*
- \* *gesondheidsaanpassing - Bell;*
- \* *gesondheid - PHSF.*

b) Veranderlikes wat om die identiteitsoeke van die seun sentreer en wat ook identifikasie met ander persone insluit (tabel 8.11, veranderlikes nr. 57, 58, 61, 66, 68):

- \* *onderdanigheid, selfstandigheid - Bell;*
- \* *emosionaliteit - Bell;*
- \* *identifikasie met eerste persoon - Eksteen;*
- \* *identifikasie met tweede persoon - Eksteen;*
- \* *eiewaarde - PHSF.*

c) Veranderlikes wat in verband staan met die skool en skoolprestasie van die seun (vgl. tabel 8.11, veranderlikes nr. 113-116):

- \* *akademiese selfkonsep een*, twee komponente van skolastiese prestasie;
- \* *akademiese selfkonsep twee*, drie komponente van skolastiese prestasie;
- \* *prestasiemotivering een*;
- \* *prestasiemotivering twee*.

By die seun in die praktiese kursus is dit veral die veranderlike *studievlak moeder* (drie komponente van skolastiese prestasie), wat beduidende proporsies van die variansie in skolastiese prestasie, verklaar (vgl. tabel 8.11, veranderlike nr. 31).

## 8.9 IDENTIFISERING VAN OORPRESTEERDERS, PRESTEERDERS EN ONDERPRESTEERDERS VIR HIERDIE NAVORSING

### 8.9.1 Inleiding

Al die hipoteses wat vir die groot groep proefpersone gestel is, is nou getoets. Nadat die oorpresteerders, *gemiddelde* presteerders en onderpresteerders met behulp van meervoudige regressie-analise uitgesoek is, sal met behulp van statistieke wat van die rekenaar verkry is, die hipoteses wat slegs op hierdie groep proefpersone betrekking het, getoets word.

Die identifisering van die oorpresteerders, *gemiddelde* presteerders en onderpresteerders word hier gedoen en

wel nadat die rekenaarprogramme en statistieke wat in hierdie navorsing gebruik is, bespreek is (vgl. par. 6.6.3).

### 8.9.2 Identifisering

Uit die literatuurstudie oor die onder- en oorpresteerders het dit geblyk dat:

- \* die onderpresteerder laer presteer as wat sy werklike vermoë is, terwyl die oorpresteerder 'n hoër prestasie behaal as sy voorspelde punt (vgl. par. 6.6.2.1 - 6.6.2.2);
- \* die I.K.'s en die skolastiese prestasie van die leerlinge belangrike veranderlikes is by die identifisering van onder- en oorpresteerders (vgl. par. 6.6.3);
- \* die ouers van die leerlinge, hulle belangstelling in en betrokkenheid by die leerlinge, die akademiese agtergrond van die ouers en selfs hulle beroep, 'n belangrike rol speel by die onder- en oorpresteerders (vgl. par. 6.6.4.2);
- \* die sosio-ekonomiese status en die omgewing waarin die leerling opgroei, ook 'n verband toon met onder- en oorprestering (vgl. par. 6.6.4.3).

Met hierdie gegewens van die literatuurstudie as agtergrond en met behulp van meervoudige regressie-analise, is 'n voorspelling gemaak ten opsigte van onder- en oorprestering. Vir dié doel is die BMDP1R-program gebruik. Die volgende veranderlikes is gebruik om



skolastiese prestasie te voorspel:

- \* nie-verbale en verbale I.K.;
- \* studievlak van vader en van moeder;
- \* beroep van vader;
- \* grootte van gesin.

Leerprobleme of onderprestering word omskryf as die diskrepans tussen leermoontlikheid en die werklike prestasie.

Die werklike prestasie van die leerling is die afhanklike veranderlike van hierdie ondersoek, naamlik gemiddelde persentasie in standerd sewe, persentasie vir Afrikaans standerd sewe, persentasie vir Engels standerd sewe en persentasie vir Wiskunde standerd sewe.

Leermoontlikheid is saamgestel of gebaseer op gegewens wat die proefpersoon *besit*, dit wat hy in die leertaak indra en waaraan hy niks kan doen nie, onder andere sy I.K. Vir hierdie navorsing word aanvaar dat die twee I.K.-punte die vermoë van die leerling aandui. Dit word egter ook aanvaar dat sosio-ekonomiese status 'n belangrike faktor is en in die bepaling van die voorspelde punt in aanmerking geneem moet word. Die sosio-ekonomiese status se invloed is bepaal deur die studievlak van die vader en moeder, die beroep van die vader en die grootte van die gesin as kriteriumveranderlikes by te voeg.

Met behulp van die rekenaarprogram is daar vir elke leerling wat in die ondersoek betrek is, 'n punt voorspel wat hy behoort te behaal, sy voorspelde punt, deur sy I.K. en die ander kriteriumveranderlikes te gebruik. Die komponente van skoolastiese prestasie is om die beurt gebruik as die werklike punt. 'n Positiewe verskil tussen die werklike punt en die voorspelde punt dui oorprestering aan, terwyl 'n negatiewe residu tussen die werklike punt en die voorspelde punt onderprestering aandui. Die rekenaarprogram orden die residue tussen die verwagte en die voorspelde punte van positief groot tot negatief groot.

Deur gebruik te maak van genoemde geordende punte wat verkry is vir byvoorbeeld die seuns gewone kursus, waar gemiddelde persentasie in standerd sewe as die werklike punt van die leerlinge gebruik is, is die oorpresteerders, *gemiddelde* presteerders en onderpresteerders soos volg uitgesoek:

- \* die vyftien leerlinge waarvan die residu tussen die verwagte en die voorspelde punt die grootste positief vir die groep is, is as oorpresteerders gebruik;
- \* die vyftien leerlinge waarvan die residu tussen die verwagte en die voorspelde punt die grootste negatief vir die groep is, is as onderpresteerders gebruik;
- \* die vyftien leerlinge waarvan die residu tussen die verwagte en die voorspelde punt nul of so na as moontlik aan nul is, is as *gemiddelde* presterders gebruik.

Hierdie prosedure is herhaal om telkens vyftien oorpresteerders, vyftien *gemiddelde* presteerders en vyftien onderpresteerders uit te soek vir:

- \* elkeen van die leerlinggroepe;
- \* elkeen van die komponente van skolastiese prestasie.

Indien in die volgende analises na die drie leerlinggroepe verwys word, sal dit telkens dié 45 leerlinge wees wat volgens bogenoemde metode geselekteer is en verdeel is in vyftien oorpresteerders ( $P^+$ ), vyftien *gemiddelde* presteerders ( $P$ ) en vyftien onderpresteerders ( $P^-$ ). Vir hierdie navorsing word na die *gemiddelde presteerders* verwys as *presteerders* (vgl. par. 7.2.6).

## 8.10 ANALISES EN DIE OORPRESTEERDERS, PRESTEERDERS EN ONDERPRESTEERDERS

### 8.10.1 Statistieke

Die groep proefpersone wat tot dusver in die ondersoek gebruik is, is met mekaar vergelyk ten opsigte van elk van die onafhanklike veranderlikes wat tot dusver in die ondersoek gebruik is (vgl. par. 8.8).

Die onafhanklike veranderlikes word nou verder as afhanklike veranderlikes hanteer en daar word telkens vasgestel of die oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders beduidend van mekaar ten opsigte van die bepaalde veranderlike verskil. Om dit te doen is van eenrigting variansie-analise gebruik ge-

maak. Die BMDPIV-program is vir die doel gebruik.  $\eta$  Lys van die afhanklike veranderlikes wat gebruik is, word by elkeen van die tabelle 8.12 tot 8.15 aangedui.

Die gemiddelde punte behaal deur oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders, in elkeen van die *nuwe afhanklike veranderlikes*, is bereken. Dit is vir elkeen van die groepe oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders in elkeen van die leerling-groepe, gedoen (vgl. tabel 8.12-8.15). Die F-waardes wat ook deur hierdie program bereken word, word gebruik om die beduidendheid af te lei. Genoemde statistieke is hoofsaaklik gebruik om die hipoteses 8 tot 11 wat op hierdie leerling-groepe betrekking het, te toets.

Uit tabelle 8.12 tot 8.15 is  $\eta$  uittreksel gemaak van al die afhanklike veranderlikes waarin daar beduidende versille tussen oorpresteerders ( $P^+$ ), presteerders ( $P$ ) en onderpresteerders ( $P^-$ ) aangedui is. Dit word weergegee in tabel 8.16.

8.10.2 Toets van hipoteses wat gestel is vir die onder- en oorpresteerders

8.10.2.1 Toets van hipotese 8 en sy subhipoteses

*Hipotese 8:* Daar is  $\eta$  verskil in die vaderidentifikasie van oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders in:

- \* gemiddelde persentasie in standerd sewe;
- \* persentasie vir Afrikaans standerd sewe;
- \* persentasie vir Engels standerd sewe;
- \* persentasie vir Wiskunde standerd sewe.

Uit tabelle 8.12 tot 8.15 blyk dit dat *vaderidentifikasie* soos gemeet deur of *vaderidentifikasie - Itkin* of *vaderidentifikasie - Eksteen* (vgl. tabel 8.12 - 8.15, veranderlikes nr. 53, 54) geen beduidende verskille tussen die gemiddeldes behaal deur oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders, kon aandui nie. Dit geld vir die oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders in:

- \* gemiddelde persentasie in standerd sewe;
- \* persentasie vir Afrikaans standerd sewe;
- \* persentasie vir Engels standerd sewe;
- \* persentasie vir Wiskunde standerd sewe.

Dit geld ook vir die seuns gewone kursus, dogters gewone kursus en seuns praktiese kursus.

Hipotese 8 en sy subhipoteses word derhalwe nie aanvaar nie.

Die enigste verskille waar die p-waardes redelik naby aan 0,05 is, is by:

- \* *vaderidentifikasie - Eksteen*; seuns praktiese kursus; persentasie vir Afrikaans standerd sewe;  $\{F(2;41) = 2,77; p = 0,07\}$ ;

TABEL 8.17 BEDUIDENDE VERSKILLE DEUR OORPRESTEERDERS, PRESTEERDERS EN ONDERPRESTEERDERS IN BE-PAALDE AFFEKTIEWE VERANDERLIKES

Nr.	Afhanklike veranderlikes	Seuns gemene kursus	Dogters gemene kursus	Seuns praktiese kursus	Gemiddelde persentasie in standarde same	Persentasie vir Afrikaans standarde same	Persentasie vir Engels standarde same	Persentasie vir Miskunde standarde same	F	Graade van vryheid	P k kleiner as p 0,05 of 0,01	$\bar{X}_p$	$\bar{X}_p$	$\bar{X}_p$
29a	aantal skole besoek	X			X				4,54	2:42	0,05	1,93	3,27	2,93
29b	"		X		X				4,75	2:42	0,05	1,60	3,13	1,87
29c	"			X	X			X	5,19	2:42	0,05	1,93	1,73	3,13
40	volladige gesin			X	X				7,33	2:267	0,01	1,12	1,43	1,62
41	tydens vader afwesig			X	X				4,44	2:267	0,05	0,18	0,55	0,83
43	ouders vader oorlede			X	X				3,71	2:267	0,05	7,92	7,39	7,38
45	plaasvervanger vir ouer(s)			X	X				4,02	2:267	0,05	0,18	0,70	0,60
46	tyd wat vader tuis deurbring		X			X			3,37	2:42	0,05	3,00	2,47	3,00
55a	aanpassing tuis - Bell			X	X				7,04	2:267	0,01	7,96	8,32	11,51
55b	"	X			X				11,18	2:42	0,01	5,73	5,93	13,93
55c	"	X			X		X		10,63	2:42	0,01	6,13	5,27	13,33
55d	"		X		X		X		3,97	2:42	0,05	5,73	11,07	12,40
55e	"			X					4,05	2:42	0,05	6,67	10,00	12,33
55f	"							X	4,43	2:42	0,05	5,60	8,47	11,67
56	gesondheidsaanpassing - Bell		X			X			3,95	2:42	0,05	7,93	12,80	11,33
58	emosionaliteit - Bell	X					X		3,48	2:42	0,05	14,20	10,87	17,00
59a	vriendigheid, vriendelikheid - Bell	X				X			3,90	2:42	0,05	16,67	13,73	18,33
59b	"		X			X			6,36	2:42	0,01	11,33	15,73	16,00
60a	manlikheid, vroulikheid - Bell			X	X				20,67	2:267	0,01	11,79	15,05	19,00
60b	"		X			X			3,83	2:42	0,05	6,87	7,87	10,87
62a	opvoedende betrokkenheid moeder - Eksteen	X				X			4,87	2:42	0,05	68,00	75,40	58,20
62b	"		X					X	4,08	2:42	0,05	72,33	63,73	68,53
67	selfvertroue - PHSF		X		X	X			2,96	2:268	0,05	25,49	26,54	25,00
69a	selfbeheer - PHSF		X		X	X			3,18	2:42	0,05	27,67	28,33	23,93
69b	"		X		X	X		X	4,26	2:42	0,05	28,31	27,80	24,00
70a	senuweegtigheid - PHSF			X	X	X			3,71	2:268	0,05	23,06	24,84	22,68
70b	"		X		X				4,64	2:42	0,05	29,13	25,20	21,80
70c	"		X			X			3,54	2:42	0,05	27,47	24,20	22,27
70d	"		X				X		8,05	2:42	0,01	28,60	23,53	20,87
71a	gesondheid - PHSF			X	X	X			5,82	2:41	0,01	32,60	28,36	25,47
71b	"		X		X	X			3,20	2:42	0,05	32,47	26,47	29,67
71c	"			X			X		4,16	2:42	0,05	31,80	28,87	25,60
71d	"		X					X	4,33	2:42	0,05	35,07	31,00	28,47
72a	gesinsinvloede - PHSF	X			X				3,75	2:42	0,05	31,53	30,67	26,47
72b	"	X				X			7,18	2:42	0,01	31,40	33,47	25,27
72c	"		X			X			3,37	2:42	0,05	33,40	29,07	25,07
72d	"					X	X		4,86	2:42	0,05	33,07	28,73	26,67
73a	persoonlike vryheid - PHSF	X			X	X		X	3,17	2:41	0,05	30,27	26,21	24,87
73b	"			X	X	X			3,43	2:42	0,05	33,13	32,20	28,40
76	morele inslag - PHSF	X			X	X			3,13	2:42	0,05	31,53	32,40	27,80
77	formele verhouding skool - PHSF	X					X		10,38	2:42	0,01	30,27	24,40	24,20
78	geldigheidskaal, eerlike antwoorde - PHSF		X				X		4,55	2:42	0,05	17,33	15,80	12,60
86	IPAT-angsskaal - totaal		X			X			4,11	2:42	0,05	5,07	6,93	6,33
110a	identiteitsekerheid - totaal			X	X	X			4,70	2:268	0,05	19,29	18,98	17,56
110b	"	X			X				3,48	2:42	0,05	21,47	19,67	18,27
110c	"	X		X		X			4,03	2:41	0,05	18,73	17,43	15,93
110d	"			X		X	X		3,77	2:42	0,05	21,27	17,60	18,47
111a	skoolaffek een	X			X				5,31	2:42	0,05	7,60	5,53	4,93
111b	"	X			X				7,33	2:42	0,01	8,07	5,47	5,33
111c	"	X					X		4,02	2:42	0,05	7,53	5,73	6,47
112	skoolaffek twee		X		X		X		6,38	2:42	0,01	28,87	30,33	25,20
113a	akademiese selfkonsep een	X			X				15,91	2:42	0,01	14,07	10,27	8,07
113b	"		X		X				9,59	2:42	0,01	13,00	8,67	9,27
113c	"	X			X		X		9,41	2:42	0,01	14,00	11,20	9,27
113d	"			X			X		4,38	2:42	0,05	11,33	11,73	8,13
113e	"	X					X		10,02	2:42	0,01	13,27	8,67	9,87
113f	"	X						X	5,74	2:42	0,05	12,80	9,73	8,53
113g	"		X				X		6,41	2:42	0,01	13,27	10,87	9,33
114a	akademiese selfkonsep twee	X			X		X		18,42	2:42	0,01	24,47	19,60	18,60
114b	"		X		X				12,83	2:42	0,01	24,27	19,20	28,13
114c	"	X				X			9,30	2:42	0,01	24,20	19,87	19,80
114d	"		X			X			4,53	2:42	0,05	23,00	20,60	19,07
114e	"			X			X		3,11	2:42	0,05	19,40	20,40	16,53
114f	"	X		X			X		10,49	2:42	0,01	23,60	19,73	18,20
114g	"		X		X				4,12	2:42	0,05	22,67	20,67	18,33
114h	"	X					X		4,88	2:42	0,05	23,87	19,47	18,87
114i	"		X				X		5,34	2:42	0,05	23,40	19,87	19,93
115	prestasiemotivering een			X	X				3,29	2:268	0,05	7,64	7,67	7,08
116a	prestasiemotivering twee			X	X				3,25	2:268	0,05	9,35	8,56	8,29
116b	"	X			X		X		3,13	2:42	0,05	11,33	9,73	8,80
116c	"		X				X		5,12	2:42	0,05	11,33	9,07	8,00
117	tyd vaderloos		X		X				3,98	2:268	0,05	1,16	1,74	1,81
118a	affek totaal (som 111-116)	X			X				5,21	2:42	0,01	96,33	83,47	78,73
118b	"	X	X		X				7,26	2:42	0,01	96,13	81,40	79,53
118c	"	X			X		X		6,76	2:42	0,01	97,33	84,27	82,20
118d	"		X		X		X		6,30	2:42	0,01	81,07	85,13	70,20
118e	"	X			X		X		6,83	2:42	0,01	85,90	82,73	82,80
118f	"	X			X		X		91,80	2:42	0,05	81,80	80,53	80,67
118g	"		X		X		X		3,50	2:42	0,05	93,93	85,67	83,13
119	ondersynerrees			X			X		3,90	2:42	0,05	7,31	12,93	9,13

$$\bar{x}_{p+} = 145,73 \quad \bar{x}_p = 134,66 \quad \bar{x}_{p-} = 118,20$$

(vgl. tabel 8.13).

- \* *vaderidentifikasie* - *Itkin*; seuns praktiese kursus; persentasie vir Engels standerd sewe;  $\{F(2;42) = 2,70; p = 0,08\}$ ;  
 $\bar{x}_{p+} = 110,13 \quad \bar{x}_p = 100,00 \quad \bar{x}_{p-} = 108,27$  (vgl. tabel 8.14).

#### 8.10.2.2 Toets van hipotese 9 en sy subhipoteses

*Hipotese 9*: Daar is 'n verskil in die moederidentifikasie van oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders in:

- \* gemiddelde persentasie in standerd sewe;
- \* persentasie vir Afrikaans standerd sewe;
- \* persentasie vir Engels standerd sewe;
- \* persentasie vir Wiskunde standerd sewe.

'n Ontleding van tabelle 8.12 tot 8.15 toon dat *moederidentifikasie* soos gemeet deur *moederidentifikasie - Eksteen* (vgl. tabel 8.13, veranderlike 64) wel beduidende verskille tussen die gemiddeldes van oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders aandui. Dit geld vir die volgende groepe (vgl. tabel 8.12):

- \* seuns gewone kursus; persentasie vir Afrikaans standerd sewe;  
 $\{F(2;42) = 3,38; p < 0,05\}$ ;  
 $\bar{x}_{p+} = 109,13 \quad \bar{x}_p = 107,20 \quad \bar{x}_{p-} = 119,60$

\* dogters gewone kursus; persentasie vir Afrikaans standerd sewe;

$$\{F(2;42) = 3,84; p < 0,05\};$$

$$\bar{X}_{p+} = 105,73 \quad \bar{X}_p = 116,67 \quad \bar{X}_{p-} = 124,07.$$

Die volgende subhipoteses word derhalwe aanvaar: Daar is 'n verskil in die moederidentifikasie van oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders in persentasie vir Afrikaans standerd sewe. Hierdie hipotese word aanvaar vir seuns in die gewone kursus en dogters in die gewone kursus.

Indien bogenoemde resultate met mekaar vergelyk word, kan die volgende afleiding gemaak word: Hoe swakker die kind relatief presteer tot wat hy behoort te presteer, hoe beter is sy identifikasie met die moeder. Dit kom daarop neer dat hoe meer die kind onderpresteer, hoe meer identifiseer hy hom met die moeder. Dit geld vir seuns en dogters in die gewone kursus wat onderpresteerders is in persentasie vir Afrikaans standerd sewe.

Hipotese 9 en sy ander subhipoteses word nie aanvaar nie.

8.10.2.3 Toets van hipotese 10 en sy subhipoteses

*Hipotese 10:* Daar is 'n verskil in identifikasie met die gesin van oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders in:

\* gemiddelde persentasie in standerd sewe;



- \* persentasie vir Afrikaans standerd sewe;
- \* persentasie vir Engels standerd sewe;
- \* persentasie vir Wiskunde standerd sewe.

Uit tabelle 8.12 tot 8.15 blyk dit dat *identifikasie met gesin - Rundquist en Sletto* wel beduidende verskille tussen die gemiddeldes van oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders aandui. Dit geld vir die volgende groepe (vgl. tabel 8.13):

- \* seuns gewone kursus; persentasie vir Afrikaans standerd sewe;  
 $\{F(2;42) = 3,44; p < 0,05\};$   
 $\bar{X}_{P+} = 48,07 \quad \bar{X}_P = 45,53 \quad \bar{X}_{P-} = 55,80;$
- \* dogters gewone kursus; persentasie vir Afrikaans standerd sewe;  
 $\{F(2;42) = 3,64; p < 0,05\};$   
 $\bar{X}_{P+} = 45,60 \quad \bar{X}_P = 51,33 \quad \bar{X}_{P-} = 59,33.$

Die volgende subhipoteses word derhalwe aanvaar:

Daar is 'n verskil in die identifikasie met die gesin van oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders in persentasie vir Afrikaans standerd sewe. Hierdie hipotese word aanvaar vir seuns in die gewone kursus en dogters in die gewone kursus.

Deur hier, net soos by par. 8.10.2.2, bogenoemde resultate onder die loep te neem, blyk dit dat die volgende afleiding gemaak kan word. Hoe beter die kind presteer in verhouding tot sy vermoë om wel te presteer, hoe meer identifiseer hy hom met die gesin. Dit kom daarop neer dat hoe meer die kind oor presteer,

hoe meer identifiseer hy hom met die gesin. Dit geld vir seuns en dogters in die gewone kursus wat oorpresteerders is in hulle persentasie vir Afrikaans standerde sewe. Anders as by die moederidentifikasie en die leerling wat onder presteer, is dit hier die oorpresteerder wat hom meer met die gesin identifiseer.

Hipotese 10 en sy ander subhipoteses word nie aanvaar nie.

#### 8.10.2.4 Toets van hipotese 11 en sy subhipoteses

*Hipotese 11:* Daar is 'n verskil in elk van die bepaalde affektiewe veranderlikes tussen oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders in:

- \* gemiddelde persentasie in standerd sewe;
- \* persentasie vir Afrikaans standerd sewe;
- \* persentasie vir Engels standerd sewe;
- \* persentasie vir Wiskunde standerd sewe.

Uit tabelle 8.12 tot 8.15 word 'n uittreksel gemaak van al die afhanklike veranderlikes wat nog nie by die toets van die hipoteses 8 tot 10 gebruik is nie en wat wel beduidende verskille tussen oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders aantoon. Dit word weergegee in tabel 8.17. Die kolomme van tabel 8.17 kom ooreen met dié van tabel 8.11 (vgl. par.8.8.3.7), om die veranderlikes, die leerlinggroepe en die komponente van skolastiese prestasie aan te dui. Hier word egter die F-waardes, grade van vry-

